



Verwysing: 20190314-2862
Lêerno.: 12/12/6/1
Navrae: R Larney

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0002/2019

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Skoolbywoning van graad 4- tot 11-leerders gedurende en na die 2019 Junie- en November-eksamen

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daartoe verbind om te verseker dat onderrig- en leertyd optimaal benut word. Dit is dus, in ooreenstemming met die *Policy on Learner Attendance*, gepubliseer in *Staatskoerant* 33150 van 04 Mei 2010, die verantwoordelikheid van elke skool om onderrigtyd te beskerm en leer vir die volle 199 skooldae per jaar te ondersteun.
2. Skool- en distrikskantoorpersoneel word versoek om op die volgende te let:
 - 2.1 Wysigings is gemaak aan die interne eksamendatums wat in die 2019 skoolbeplanningskalender uitgestuur is om te verseker dat onderrig en leer optimaal benut word.
 - 2.2 Dit is elke skool se verantwoordelikheid om sy skoolprogram vir die tydperk tydens en na die eksamens tot die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan en om alle leerders, ouers en distrikskantore dienooreenkomstig in te lig.
 - 2.3 Skole wat graad 10, 11 en 12 aanbied (waar van toepassing) word herinner dat geen eksamens voor **22 Mei 2019** en **12 November 2019** mag plaasvind nie. Skole kan egter by die distriksdirekteur toestemming vra om praktiese eksamens in sekere vakke vroeër af te lê.
 - 2.4 Skole wat graad 7 tot 9 aanbied, mag nie hul eksamens voor **27 Mei 2019** en **18 November 2019** aflê nie.

- 2.5 Skole wat graad 4 tot 6 aanbied, mag nie hul eksamens voor **29 Mei 2019** en **20 November 2019** aflê nie.
- 2.6 Die September-proefeksamen vir graad 12 mag nie voor **28 Augustus 2019** begin nie.
- 2.7 Daar word van alle leerders verwag om minstens vyf uur per dag gedurende die eksamentydperk by die skool te wees. As 'n skool dus om 08:00 begin, kan die skool nie die leerders vroeër as 13:00 laat verdaag nie. Die veiligheid en vervoer van leerders moet in ag geneem word wanneer die vroeër sluitingstyd gereël word. Dit is dus belangrik dat ouers vooraf ingelig word sodat hulle in staat is om ander reëlings te tref.
- 2.8 Daar word van alle leerders verwag om skool gedurende die eksamentydperk by te woon, met die uitsondering van graad 12-leerders, wat geregtig sal wees op vyf studiedae voor die aanvang van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.
- 2.9 Skole mag nie die leerders inlig dat hulle self kan besluit of hulle skool wil bywoon nadat die eksamen vir die kwartaal geëindig het of wanneer hulle nie eksamen of toetse skryf nie.
- 2.10 Daar word van alle opvoeders verwag om gedurende die eksamentydperk vir die volle skooldag by die skool te wees (35 uur per week), ongeag of hulle toesighoudende pligte het of nie.
- 2.11 Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur by die skool wees en opvoeders moet vir minstens vyf uur by die skool wees.
3. Prinsipale word herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens vier weke voor die aanvang van die eksamen aan die kringbestuurder moet stuur. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie voorskrifte monitor.
4. Prinsipale en beheerliggame word versoek om spesiale aandag aan die opstel van hul programme tydens eksamentydperke te skenk sodat waardevolle tyd vir onderrig en leer nie verlore gaan nie.

GETEKEN: A LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRICHTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2019-04-05